Bejo in Nederland neem Suid-Afrikaanse groentesaadverspreider Nuvance oor

8 Julie 2020

Bejo en Zaad Holdings kondig met graagte Bejo se oorname van Nuvance vanaf 1 Julie 2020 aan. Nuvance was ‘n dogtermaatskappy van Klein Karoo Saad Bemarking en deel van Zaad Holdings.

Bejo is ‘n Nederlandse familie-onderneming wat spesialiseer in die internasionale groentesaad-bedryf met die teel, produksie en verkope van groentesaad. Nuvance is ‘n gevestigde Suid-Afrikaanse saadverskaffer met omvattende kundigheid in suidelikke Afrika, 'trots in Afrika vir Afrika'. Beide maatskappye werk al vir jare saam aan die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse groentesaad-bedryf en deel ‘n toegewydheid teenoor die professionele groentemark.

Onlangse sosio-ekonomiese veranderinge regoor Afrika dryf ‘n groeiende vraag na hoë gehalte, gesonde voedsel wat plaaslik geproduseer kan word. Met gekombineerde kundigheid en hulpbronne by Nuvance en Bejo is daar 'n uitstekende span in plek om hierdie te laat realiseer. Deur saad van die hoogste gehalte te voorsien wat goed aangepas is vir ons plaaslike groeitoestande, deur direk met produsente te werk, landboukennis te deel en logistiek te verbeter, is beide maatskappye vol vertroue dat ons belangrike bydrae tot groenteproduksie kan maak. Bejo en Nuvance is verbind tot die volhoubaarheid van ons kliënte, wat 'n belangrike rol speel om die doelwit van voedselsekerheid in Afrika na te streef.

Floris Kotze, kommersiële bestuurder van Nuvance, sê: “Ons is trots daarop om deel van Bejo te wees. Dit stel ons in staat om op die professionele groentemark te fokus en sodoende die hoë ambisies wat in 2018 uiteengesit is te bereik. Nuvance sal baat by Bejo se gevorderde tegnologie en kundigheid, wat ons bedryfsaktiwiteite aansienlik sal verbeter. Vir ons kliënte beteken dit nog beter ondersteuning deur kliëntediens, innovering van produkte en persoonlike verbouingsadvies.”

John-Pieter Schipper, uitvoerende hoof van Bejo, sê: “Ons verwelkom ons nuwe kollegas van Nuvance tot die Bejo-familie en sien daarna uit om ons bestaande verhouding te versterk. Nuvance se uitgebreide ervaring en kennis van die Suid-Afrikaanse mark gee my die groot vertroue dat ons ons gesamentlike ambisies kan verwesenlik. Vannuit ander markte het ons geleer dat plaaslike kundigheid en toewyding noodsaaklik is om suksesvol te kan funksioneer. Innovasie in professionele groenteproduksie is nodig om tred te hou met die toenemende vraag na gesonde, smaaklike groente in die hele Suider-Afrika. Hierdie is 'n belangrike mylpaal vir albei ondernemings.”

Gedurende die komende maande sal Nuvance volledig in die Bejo-organisasie geïntegreer word. Met die fokus op die professionele groentemark, impliseer dit dat daar 'n paar veranderinge in die huidige produkreeks verwag kan word. Hierdie word deeglik geëvalueer en bespreek met die betrokke kliënte en verskaffers. Intussen tyd sal Nuvance onder die huidige naam besigheid doen, terwyl kliënte en vennote steeds die verhoudings met hul bestaande kontakte by Nuvance kan voortsit. Afgesien van 'n paar veranderings in die bestuur, be-oog Bejo om met die hele span Nuvance-spesialiste saam te werk.

Bejo Finance B.V.
Postbus 50 | 1749 ZH Warmenhuizen | Nederland
KvK 37048509 | **BTW** NL006777594B01
T +31 (0)226 396 162 | **E** info@bejo.nl

Nuvance (Pty) Ltd.
Registered Office 37 Eagle Street, Brackenfell, Western Cape, 7560 | South-Africa
Vat No. 4070250677 | **Reg No.** 2008/020472/07
Business Address 81 Tom Street, Brits, 0250 | **T** +27 (0) 12 252 6849

Bejo en Nuvance wil ook net van hierdie geleentheid gebruik maak om Klein Karoo Saad Bemarking te bedank vir die suksesvolle vennootskap in die verlede, aangesien beide maatskappye voortdurend daarna streef om ***'meer as net groentesaad'*** te bied.

Oor Nuvance

Nuvance streef daarna om 'n innoverende en betroubare verskaffer te wees van groentesaad, advies en professionele dienste regoor Suider-Afrika. Met kundigheid en passie probeer Nuvance voortdurend om die volhoubaarheid van groenteprodusente te verseker. Dit word bereik deur ons kliënte die beste genetika te bied om sodoende risiko te beperk, terwyl hul boerderye voordeel trek uit hoë opbrengste en goeie kwaliteit produk.

Oor Bejo

Bejo is 'n toonaangewende internasionale saadmaatskappy wat spesialiseer in die teel, produksie, verwerking en verkoop van gehalte groentesaad. Met 'n verskeidenheid van ongeveer 50 gewasse en meer as 1200 variëteite, bied Bejo 'n volledige produkreeks vir 'n wye reeks markte en klimaatstoestande. Die Nederlandse familie-onderneming het oor die jare uitgebrei en is gevorm deur interaksie tussen telers, handelaars, vennootskappe in die verskaffingsketting, asook sy eie werknemers. Alle vennote het die vryheid om binne hul eie plaaslike mark die beste uit Bejo se produkte te put. Met bedrywighede in meer as 30 lande en 1 800 werknemers wêreldwyd is ons daartoe verbind om voortdurend die beste diens en groentevariëteite te lewer. Exploring nature never stops.

Nota aan die redakteur

Vir meer inligting, kontak:
Nuvance: tel. +27 (010) 534-8147, info@nuvance.co.za
Bejo: tel. +31 (0)226-396162, media@bejo.nl